f. 'n Objek weeg 'n kwart van 'n kilogram. Ek voeg nog een helfte van 'n kilogram by die objek. Ek neem 200 g weg. Ek verdubbel die massa van die objek. Ek voeg een ton by die objek en halveer dit daarna. Wat sal die uiteindelike massa van die voorwerp wees?

_____

5. Beantwoord die volgende vrae oor kapasiteit.

a. Hoeveel ml is in 'n liter? _____

b. Hoeveel ℓ is in 'n kl? _____

c. Hoeveel ml is in 'n kl? _____

d. Sit die volgende om:

		ml	ℓ	kl
i.	**5 250 ml**			
ii.	**4,5 ℓ**			
iii.	**3 kl**			
iv.	**9 999 ml**			
v.	**1,75 ℓ**			

e. Swembadafmetings: lengte 25 meter, breedte 10 meter en diepte 1,5 meter. Die kapasiteit is 25 m × 10 m × 1,5 m = 375 kubieke meter. Een kubieke meter is gelyk aan 1 000 liter. Dus is die kapasiteit van die swembad _____. Hoeveel kiloliter is dit? _____

Probleemoplossing

Gee vyf voorbeelde van hoe hierdie terme in jou huis gebruik word.

temperatuur **massa/gewig** **kapasiteit** **lengte**

Wat is die verskil tussen kapasiteit en volume?

Teken:

Datum:

R15 Waarskynlikheid

Kyk na die volgende prentjies en vra jouself af: "Hoe waarskynlik is dit dat dit vandag kan gebeur?"

1. **Teken en maak hierdie twee nette op karton. Sny, vou en plak hulle aanmekaar om twee dobbelstene te vorm.**





2. **Gooi die twee dobbelstene 100 keer en skryf neer elke keer die selfde twee letters verskyn. Gebruik telstrepies om jou antwoorde op te teken in die tafel hieronder.**

Kombinasie verkry	Kere wat die kombinasie verkry is
a a	
b b	
c c	
d d	
e e	
f f	

3. **Vergelyk jou antwoorde met 'n maat s'n. Is dit dieselfde? Hoekom?**

4. Jy het die volgende nodig:

'n Leë sakkie.

x	y	z	m	m
a	a	a	b	k

Maak 'n stel van 10 kaarte deur karton of papier te gebruik. Elke kaart moet 'n vierkant van 4 cm by 4 cm wees. Knip die tien kaarte uit en plaas dit in die sakkie.

5. Trek 'n kaart uit die sakkie en maak 'n telstrepie langs die letter wat jy getrek het. Plaas die kaart weer terug in die sakkie. Doen dit 100 keer.

Getal op die kaart	Aantal kere wat dié getal getrek is
x	
y	
z	
m	
a	
b	
k	

6. Vergelyk jou antwoorde met jou maat s'n. Is dit dieselfde? Hoekom?

7. Die waarskynlikheid dat jy 'n getal x-kaart uit die sakkie sal trek is 1 uit 10. Ons kan dit skryf as $\frac{1}{10}$.

Wat is die waarskynlikheid dat jy 'n y-kaart? ____, z-kaart? ____, m-kaart? ____, a-kaart? ____, b-kaart? ____, en k-kaart sal trek? ____

Probleemoplossing



Kaartpret: Doen 'n soortgelyke aktiwiteit, maar gebruik die volgende vierhoekige kaarte. Wat is die waarskynlikheid dat jy 'n kaart met 'n vierkant sal teken?

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R16 Data

Kyk na hierdie datahanteringsiklus en beskryf dit.

1. Beantwoord die vraag oor die piktogram.





a. Voltooi die tabel. Hoeveel motors is in elke kwartaal verkoop?

1ste kwartaal Januarie – Maart	2de kwartaal April – Junie	3de kwartaal Julie – September	4de kwartaal Oktober – Desember

b. Hoekom dink jy is meer motors gedurende die 4de kwartaal verkoop?

_____

c. Kyk na die datahanteringsiklus. Watter stappe van die datahanteringsiklus moes gebeer voordat jy die piktogram kon teken? Watter stappe moet steeds gebeur om die datahanteringsiklus te voltooi? Wat dink jy het voor hierdie piktogram gebeur? Wat sal ná die piktogram gebeur?

_____

_____

2. **Sorteer die data deur die frekwensietabel hieronder te gebruik.**

Ek het data van kinders oor hul gunstelingkleur ingesamel. Ek het hul antwoorde deur middel van telstrepies op 'n stuk papier aangedui.



3. **Voltooi die frekwensietabel hieronder deur die data hierbo te gebruik.**

Kleur	Telstrepies	Frekwensie
Rooi	𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 𝍸 III	93

4. **Gebruik inligting uit die frekwensietabel om die sirkeldiagram te teken en te benoem.**

Titel: _____



Probleemoplossing

Versamel data in jou klas oor selfoongebruik en teken 'n staafdiagram van jou resultate. Verduidelik wat jy moet doen.

Teken:

Datum:

Notas

Rainbow WORKBOOKS

Graad 7

wiskunde

DEEL 2

WERKBLAAIE
1 tot 64

AFRIKAANS

Boek 1

1 Kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

Kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

Is die volgende waar of onwaar?

- 3 + 4 = 4 + 3
- 3 × 4 = 4 × 3
- 20 + 5 = 5 + 20
- 20 × 5 = 5 × 20

Wat let jy op?

Die **kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging** sê dat jy getalle kan omruil en steeds dieselfde antwoord kan kry wanneer jy optel of vermenigvuldig. Dit maak nie saak in watter volgorde jy die getalle rondskuif nie.

'n **Vergelyking** sê dat twee dinge dieselfde is deur 'n gelykaanteken (=) te gebruik. Bv. 7 + 4 = 12 – 1

1. Gebruik die kommutatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

Voorbeeld: 5 + 1 = 1 + 5 (optelling) en 5 × 1 = 1 × 5 (vermenigvuldiging)

a. 13 + 2 =

13 + 2 = 2 + 13

b. 62 + 31 =

c. 4 × 5 =

d. 7 × 9 =

e. = 8 × 9

f. = 15 × 12

g. Maak jou eie vergelykings deur die kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging te gebruik.

2. Gebruik die kommutatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

Voorbeeld: $f + e = e + f$ (optelling) en $f \times e = e \times f$ (vermenigvuldiging)

a. $a + b =$

b. $c \times d =$

c. $m \times n =$

d. $= g + h$

e. $= p \times 2$

f. $s \times t =$

g. Maak jou eie vergelykings deur die kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging te gebruik.

3. Toon aan dat die vergelykings bevredig word as $a = 2$, $b = 5$ en $c = 3$

Voorbeeld:

$a + b = b + a$ (optelling)

$a + b = 2 + 5$

$= 7$

$\therefore a + b = b + a$

$a \times b = b \times a$ (vermenigvuldiging)

$a \times b = 2 \times 5$

$= 10$

en $b \times a = 5 \times 2$

$= 10$

$\therefore a \times b = b \times a$

a. $a + c = c + a$

b. $a \times c = c \times a$

c. $b \times a = a \times b$

d. $b + a = a + b$

e. $b \times c = c \times b$

f. $b + c = c + b$

4. Skryf 'n vergelyking om te wys hoe elke diagram die kommutatiewe eienskap van vermenigvuldiging illustreer.

a.

b.

c.

d.

Probleemoplossing

As $a = 20$ en $b = 15$, skryf 'n assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging stelling en los dit op.

Teken:

Datum:

2 Assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

Is die volgende waar of onwaar?

5 + (3 + 2) = (5 + 3) + 2

9 × (2 × 3) = (2 × 3) × 9

(12 + 14) + 13 = 12 + (14 + 13)

(11 × 2) × 4 = 11 × (2 × 4)

Wat let jy op?

Die **assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging** sê dit maak nie saak hoe jy getalle groepeer wanneer jy optel of vermenigvuldig nie.

1. Gebruik die assosiatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die stellings waar te maak.

Voorbeeld: (5 + 1) + 3 = 5 + (1 + 3) (optelling)

(5 × 1) × 3 = 5 × (1 × 3) (vermenigvuldiging)

		Bereken:		
a. (6 + 2) + 4 =	(6 + 2) + 4 = 6 + (2 + 4)	12 = 12	b. (7 + 3) + 1 =	
c. 8 × (10 × 4) =			d. 4 × (5 × 2) =	
e. (11 × 3) × 2 =			f. (12 × 2) × 4 =	

2. Gebruik die assosiatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die stellings waar te maak.

Voorbeeld: $f + (g + h) = (f + g) + h$ (optelling)

$f \times (g \times h) = (f \times g) \times h$ (vermenigvuldiging)

a. $(a + b) + c =$	b. $(m + n) + c =$	c. $(g \times h) \times i =$
$a + (b + c)$		
d. $(c \times d) \times f =$	e. $(k \times z) \times d =$	f. $(a + d) + v =$
g. $(a \times c) \times d =$	h. $(k \times l) \times m =$	i. $(v + c) + r =$

3. As $a = 2$, $b = 4$ en $c = 3$, toon aan dat die assosiatiewe wette geld en bereken die antwoorde.

Voorbeelde:

$a + (b + c)$	$= (a + b) + c$	$a \times (b \times c)$	$= (a \times b) \times c$
$2 + (4) + 3$	$= 2 + (4 + 3)$	$2 \times (4 \times 3)$	$= (2 \times 4) \times 3$
$= 2 + (4 + 3)$	$= 6 + 3$	$= 2 \times 12$	$= 8 \times 3$
$= 2 + 7 = 9$	$= 9$	$= 24$	$= 24$
$\therefore a + (b + c) = (a + b) + c$		$\therefore a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$	

a. $(c + a) + b = c + (a + b)$

b. $(b \times a) \times c = a \times (b \times c)$

c. $b \times (c \times a) = c \times (b \times a)$

d. $b + (c + a) = (b + c) + a$

4. Toon aan dat die uitdrukkings bevredig word as $m = 1$, $n = 7$ en $q = 2$.

a. $(q + m) + n = q + (m + n)$

b. $(n \times m) \times q = m \times (n \times q)$

c. $n \times (q \times m) = q \times (n \times m)$

d. $n + (q + m) = (n + q) + m$

Probleemoplossing

As $a = 25$, $b = 30$ en $c = 10$, skryf 'n **assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging**-stelling en bereken die antwoorde.

Teken:

Datum:

3 Distributiewe eienskap van vermenigvuldiging oor optelling

2(3)	3(9)	4(100)
4(6)	7(8)	

Wat beteken die hakies?

Kyk na hierdie stelling: 2(3+2).

Hoe dink jy sal ek dit bereken?

Met die distributiewe eienskap kan jy 'n enkele getal met elk van twee of meer getalle tussen hakkies vermenigvuldig (die produk word daarna bymekaar gevoeg).

Jy sal dieselfde antwoord kry wanneer jy vermenigvuldig met'n groep van getalle wat bymekaar gevoeg is, as wanneer jy elke vermenigvuldiging afsonderlik doen en dit dan bymekaar voeg.

Bv. $2(3 + 2) = 2(5) = 10$

$2(3 + 2) = (2 \times 3) + (2 \times 2) = 6 + 4 = 10$

Gewoonlik volg ons die reël dat enigiets tussen hakies eerste gedoen moet word. In hierdie voorbeeld sou dit baie maklik gewees het om dit te doen: 2(3+2) = 2(5) = 10. Maar die distributiewe eienskap is baie nuttig wanneer dit wat binne die hakies is meer ingewikkeld is.

1. Gebruik die distributiewe eienskap om 'n som vir elke diagram te skryf sodat jy die totale aantal blokkies in elke tekening kan bereken.

Voorbeeld:



$2 \times 3 + 2 \times 5$

$2(3 + 5)$

a.





b.

c.



d. Teken 'n diagram vir:

i. 5(2 + 3)

ii. 6(1 + 4)

2. Gebruik die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging om hierdie stellings waar te maak.

Voorbeeld: $4(5 + 9) = 4 \times 5 + 4 \times 9 = (4 \times 5) + (4 \times 9)$

a. $3(4 + 2) =$ _____ Bereken dit:

3	4	2
	12 +	6 = 18

b. $10(2 + 3) =$ _____

+	=

c. $5(3 + 1) =$ _____

+	=

3 Gebruik die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging om hierdie stellings waar te maak.

Voorbeeld: $4 \times 5 + 4 \times 3 = (4 \times 5) + (4 \times 3) = 4(5 + 3)$

a. $3 \times 2 + 3 \times 5 =$ _____ Bereken dit:

3	2	5
	6 +	15 = 21

b. $6 \times 1 + 6 \times 4 =$ _____

+	=

c. $3 \times 2 - 3 \times 1 =$ _____

+	=

4. As $a = 3$, $b = 2$ and $c = 4$, bereken die volgende:

Voorbeeld: $a(b + c) = a \times b + a \times c$

$3(2 + 4) = 3 \times 2 + 3 \times 4$

$3(6) = 6 + 12$

$18 = 18$

a. $b(a + c)$ _____

b. $c(b + a)$ _____

c. $a(c + b)$ _____

Probleemoplossing

As $a = 5$, $b = 9$ and $c = 11$, skryf 'n distributiewe eienskap-stelliing en bereken die antwoord.

Teken:

Datum:

4 Nul as die identiteit van optelling en een as die identiteit van vermenigvuldiging

Wat let jy op?

3 + 0 =	5 + 0 =	100 + 0 =
0 + 16 =	0 + 250 =	72 + 0 =

3 × 1 =	5 × 1 =	100 × 1 =
1 × 16 =	1 × 250 =	72 × 1 =

DEFINISIE

Nul as die identiteit van optelling:
Die som van nul en enige getal is die getal self. Die antwoord sal altyd die getal wees waarby **nul gevoeg word**.

DEFINISIE

Een as die identiteit van vermenigvuldiging:
Die produk van 1 en enige getal is altyd die getal self. Die antwoord sal altyd die getal wees waarmee **een vermenigvuldig word**.

1. Gebruik nul as die identiteit van optelling, of een as die identiteit van vermenigvuldiging om 'n som vir die volgende te skryf:

		Nul as die identiteit van optellling	Een as die identiteit van vermenigvuldiging
a.	5	5 + 0 = 5	5 × 1 = 5
b.	7		
c.	9		
d.	100		
e.	34		
f.	2,5		
g.	0,1		

2. Gebruik nul as die identiteit van optelling, of een as die identiteit van vermenigvuldiging om die volgende op te los:

a. $b + 0 = \square$ b. $d \times \square = d$ c. $e \times 1 = \square$

$b \times 1 = \square$ $d + \square = d$ $e + 0 = \square$

3. Kies die korrekte eienskap van getalle om 'n ekwivalente stelling te skryf om die vergelyking te voltooi.

a. 4 + 5 =

4 + 5 = 5 + 4

b. 2(3 + 9) =

c. 3 + (4 + 8) =

d. 5(9 – 8) =

e. 9 + 12 =

f. (2 × 5) × 11 =

4. Sê of die volgende waar of onwaar is. Indien dit onwaar is, verduidelik hoekom dit onwaar is.

a. $9 + 2 = 2 + 9$

b. $5 - 4 = 4 - 5$

c. $4(2 + 1) = 4 \times 2 + 4 \times 1$

d. $3 + 0 = 3$

e. $8 - (3 - 2) = (8 - 3) - 2$

f. $2(5 - 4) = 2 \times 5 - 2 \times 4$

5. As $a = 2$, $b = 5$, $c = 8$, bereken die LK en die RK:

Voorbeeld: $b + a = a + b$
$5 + 2 = 2 + 5$
$7 = 7$

a. $a + c = c + a$

b. $b + (c + a) = (b + c) + a$

c. $a + 0 =$

d. $b(a + c)$

e. $a(c - b)$

f. $b \times 1 =$

6. Pas kolom A by kolom B

Kolom A	**Kolom B**
Assosiatiewe eienskap van getalle	$a \times 1 = a$
Kommutatiewe eienskap van getalle	$(a + b) + c = a + (b + c)$
Distributiewe eienskap van getalle	$a + 0 = a$
Nul as die identiteit van optelling	$a + b = b + a$
Een as die identiteit van vermenigvuldiging	$a(b + c) = a \times b + a \times c$

Probleemoplossing

- Wat moet ek by 'n getal voeg sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?
- Met wat moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?
- Skryf vyf stellings wat waar is deur die eienskappe van getalle te gebruik.
- Skryf vyf stellings wat onwaar is deur die eienskappe van getalle te gebruik. Verduidelik jou antwoord.

Teken:

Datum:

5 Veelvoude

Hoe vinnig kan jy die eerste 12 veelvoude van hierdie getalle opnoem: 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, en 10?

×	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

1. Gebruik die getallebord om die volgende te voltooi:

Voorbeeld: Die veelvoude van 6 is 6, 12, 18, … 72, of

Ons kan dit skryf as: veelvoude van 6: {6,12,18, 24, 30, 36, 42, 48, 54, 60, 66, 72}

a. Veelvoude van 4: {_____}

b. Veelvoude van 7: {_____}

c. Veelvoude van 5: {_____}

d. Veelvoude van 8: {_____}

e. Veelvoude van 2: {_____}

f. Veelvoude van 9: {_____}

2. Skryf die eerste 12 veelvoude van die getalle hieronder neer. Omkring al die gemene veelvoude en identifiseer die kleinste gemene veelvoud (KGV).

Voorbeeld: Veelvoude van 2: 2, (4), 6, (8), 10, (12), 14, (16), 18, (20), 22, (24)

Veelvoude van 4: (4), (8), (12), (16), (20), (24), 28, 32, 36, 40, 44, 48

Die KGV is 4.

a. Veelvoude van 5: {_____}
Veelvoude van 10: {_____}
KGV? _____

b. Veelvoude van 5: {_____}
Veelvoude van 6: {_____}
KGV? _____

c. Veelvoude van 90: {_____}
Veelvoude van 20: {_____}
KGV? _____

3. Wat is die KGV van die volgende?

Voorbeeld: Veelvoude van 4 en veelvoude van 7
Veelvoude van 4: { 4, 8, 12, 16, 20, 24, 28 }
Veelvoude van 7: {7, 14, 21, 28 }

a. Veelvoude van 2 en veelvoude van 8

b. Veelvoude van 3 en veelvoude van 6

c. Veelvoude van 5 en veelvoude van 3

d. Veelvoude van 4 en veelvoude van 8

e. Veelvoude van 70 en veelvoude van 60

f. Veelvoude van 100 en veelvoude van 125

Probleemoplossing

In ons huise tref 'n mens verskeie dinge in veelvoude aan. Gee vyf voorbeelde van dinge in jou huis wat in veelvoude is.

Teken:

Datum:

6 Deelbaarheid en faktore

Jou kleinboet het jou aantekeninge deurmekaar gemaak. Vind die ontbrekende inligting.

'n Getal is deelbaar deur ✱ indien die getal wat deur die laaste drie syfers gevorm word deelbaar is deur 8.

'n Getal is deelbaar deur 3 indien die som van die syfers deelbaar is deur 3.

'n Getal is deelbaar deur 10 indien die laaste syfer ✱ is.

'n Getal is deelbaar deur ✱ indien die laaste syfer óf 0 óf 5 is.

'n Getal is deelbaar deur 4 indien die getal wat deur die laaste twee syfers gevorm word deelbaar is deur ✱

'n Getal is deelbaar deur 9 indien die som van die syfers deur 9 deelbaar is.

'n Getal is deelbaar deur ✱ indien die laaste syfer 0, 2, 4, 6 of 8 is.

'n Getal is deelbaar deur 6 indien dit deelbaar deur 2 en deelbaar deur ..... is.

1. Maak 'n regmerkie indien die getalle deur 2, 3, 4, 5 of 10 deelbaar is. Daar kan meer as een antwoord wees.

	2	3	4	5	10
a. 376	✔				
b. 7 232					
c. 9 050					
d. 6 312					
e. 2 355					

2. Waardeur is die volgende getalle deelbaar?

Voorbeeld: 6 is deelbaar deur 1, 2, 3 en 6.

a. 12 b. 36 c. 42 d. 24 e. 64

3. Watter twee getalle gee jou hierdie getal wanneer dit vermenigvuldig word?

Voorbeeld: 6 = 2 × 3, 6 = 1 × 6

a. 12 b. 36 c. 42 d. 24 e. 64

4. Wat let jy op wanneer jy die antwoorde op vrae 2 en 3 vergelyk?

5. Vir elkeen van die getalle hieronder, skryf neer:
(i.) So veel as moontlik vermenigvuldigingsomme wat gebruik maak van slegs twee getalle wat hierdie antwoord sal gee.
(ii). Al die getalle wat jy gebruik in die vermenigvuldigingsomme, in stygende orde (maar moenie 'n getal herhaal nie). (iii) Voltooi die sin: "Hierdie is die faktore van ___." (iv) Voltooi die sin: Faktore van ___ = {_____}

Voorbeeld: i. 12: 1 × 12, 2 × 6, 3 × 4
ii. 1, 2, 3, 4, 6, 12
iii. Hierdie is die faktore van 12.
iv. Faktore van 12 = {1, 2, 3, 4, 6, 12}

a.	b.	c.
i. **18:** _____	i. **25:** _____	i. **36:** _____
ii. _____	ii. _____	ii. _____
iii. _____	iii. _____	iii. _____
iv. Faktore van __ = {_____}	iv. F__ = {_____}	iv. F__ = {_____}

6. Gebruik die voorbeeld hieronder aangedui.

Voorbeeld: i. Faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6 en 12
Faktore van 30 is 1, 2, 3, 5, 6, 10, 15 en 30
ii. Die gemeenskaplike faktore is: 1, 2, 3, 6
iii. Die grootste gemene deler is 6.

Die afkorting vir die grootste gemene deler is GGD.

a. Faktore van 8: {....}
Faktore van 16: {....}
(i) ☐
(ii) ☐
(iii) ☐

b. Faktore van 3: {....}
Faktore van 12: {....}
(i) ☐
(ii) ☐
(iii) ☐

c. Faktore van 3: {....}
Faktore van 9: {....}
(i) ☐
(ii) ☐
(iii) ☐

7. Voltooi die tabel.

	Woorde	Faktore	Gemeenskaplike faktore	GGD
a. 4 en 8	Faktore van 4 en Faktore van 8	1, 2, 4, 1, 2, 4, 8	1, 2, 4,	4
b. 9 en 12				
c. 4 en 28				
d. 12 en 36				

Vind uit!

Waar in die alledaagse lewe sal ons GGD gebruik?

Teken:

Datum:

7 Verhouding

Onthou dat 'n verhouding 'n vergelyking tussen twee getalle is.
Bespreek die volgende:

Daar is 1 seun en 3 meisies in die vertrek. Jy kan die verhouding skryf as: 1:3

$\frac{1}{4}$ is seuns	0,25 is seuns	25% is seuns
$\frac{3}{4}$ is meisies	0,75 is meisies	75% is meisies

1. Skryf hierdie verhoudings as breuke. Gebruik seuns:meisies vir al jou verhoudings.

Voorbeeld: 2 seuns:3 meisies is dieselfde as $\frac{2}{5}$ is seuns en $\frac{3}{5}$ is meisies

a. 3:4 ☐ b. 5:7 ☐ c. 6:8 ☐

d. 3:9 ☐ e. 1:2 ☐ f. 7:9 ☐

2. Skryf die volgende verhoudings as persentasies.

Voorbeeld: 3:7
is dieselfde as $\frac{3}{10}$ en $\frac{7}{10}$
= 0,3 en 0,7
= 30% en 70%





a. 4:6 ☐ b. 2:8 ☐ c. 5:5 ☐

Probeer nou die volgende. Jy moet kophou om dit as 'n persentasie te skryf.

d. 12:13 ☐ e. 20:30 ☐ f. 1:3 ☐

3. Los die probleme op.

a. Daar was 6 fietsryers met rooi bergfietse en 4 met groen bergfietse by die resies. Wat was die verhouding van rooi tot groen bergfietse? Skryf jou antwoord as 'n gewone breuk, 'n desimale breuk en 'n persentasie.

b. As die lengte van die sy van 'n vierkant verdubbel word, wat is die verhouding van die oppervlakte van die oorspronklike vierkant tot die oppervlakte van die nuwe vierkant? Skryf weer jou antwoorde as 'n gewone breuk, 'n desimale breuk en 'n persentasie.



Probleemoplossing

Daar is 600 leerlinge in 'n skool. Die verhouding van seuns tot meisies in hierdie skool is 9:11. Hoeveel meisies en hoeveel seuns is in hierdie skool?

Teken:

Datum:

8 Koers

Kyk na die voorbeelde van verhouding en koers.
Gee nog 5 voorbeelde uit die alledaagse lewe.

Verhouding en koers word gebruik om baie alledaagse probleme op te los wat die vergelyking van verskillende getalle behels.

'n Verhouding vergelyk die grootte, of omvang, van twee getalle **van dieselfde soort.**

4:5
4 seuns tot 5 meisies

'n Verhouding wat hoeveelhede van verskillende tipes (van meting eenhede) vergelyk wat met mekaar verband hou, staan bekend as 'n koers.

R25 per kg

1. Vind die eenheidskoers. (Die eenheidskoers beskryf hoeveel ene van die eerste tipe kwantiteit [hoeveelheid] ooreenstem met een eenheid van die tweede tipe kwantiteit.)

Voorbeeld: 50 hamburgers in 10 dae = **5** hamburgers **per** dag.

a. 24 bestellings in 3 dae = _____ bestellings per dag.
b. 36 kolwyntjies in 3 bokse = _____ kolwyntjies per boks.
c. 12 koerante in 2 hopies = _____ koerante per hopie.
d. 16 snye van 2 koeke = _____ snye per koek.
e. 120 bladsye in 3 dae = _____ bladsye per dag.

Verduidelik hoe jy elke keer by die antwoord uitkom.

2. Vind die eenheidskoers vir elkeen.

Voorbeeld: $\frac{600 \text{ kilometer}}{60 \text{ liter}} = \frac{10 \text{ kilometers}}{1 \text{ liter}}$ = 10 kilometer/liter

a. $\frac{\text{R150}}{\text{75 kilogram}}$ = _____

b. $\frac{\text{80 meter}}{\text{8 sekondes}}$ = _____

c. $\frac{\text{R200}}{\text{8 liter}}$ = _____

d. $\frac{\text{10 kilometer}}{\text{20 minute}}$ = _____

3. Los die volgende op. Wys al jou berekeninge.

a. Herfs het begin en oor 'n periode van 4 uur het 120 blare van 'n boom afgeval. Teen hierdie koers, hoeveel blare het in een uur geval?	b. Pieter het altesame 1 000 km gery en 100 liter petrol gebruik. Wat is hierdie koers in kilometer per liter?
c. Zaheeda het 9 doele in 5 netbalwedstryde aangeteken. Teen hierdie koers, hoeveel doele het sy in elke wedstryd aangeteken?	d. Richard klim berg en vorder 120 meter elke uur. Teen hierdie koers, hoeveel meter sal hy in 4 uur aflê?

4. Ons gebruik koers daagliks. Gee vyf voorbeelde en skryf elke een as 'n eenheidskoers.

Alledaagse voorbeeld	Eenheidskoers
a. Ons het 5 km skool toe gery, en dit het 10 minute geneem.	
b.	
c.	
d.	
e.	

Probleemoplossing

'n Watertenk wat 100 liter bevat, lek teen 'n koers van 2 liter/minuut. Hoe lank sal dit teen hierdie koers neem om 24 liter te vermors?

Teken:

Datum:

9 Geld in Suid-Afrika

Die rand, simbool: **R**; kode: **ZAR**, is die geldeenheid van Suid-Afrika. Dit ontleen sy naam aan die Witwatersrand, die rif waarop Johannesburg gebou is en waar die meeste van Suid-Afrika se gouddepositos gevind is. Die rand het die simbool "R" en is gelyk aan 100 sent, met die simbool "c".

Vind uit wat die geldeenheid voor rand en sent was.

Die verdien-en-bestee-spel!

Jy verkoop 'n paar goedere. Beweeg een ry op en verdien R100.

Jy koop 'n paar goedere. Beweeg een ry af en betaal R100.

Hoe om te speel:

- Plaas elke speler se teken op die vierkant 1 (Begin). Neem beurte om 'n dobbelsteen te gooi om te sien hoeveel vierkante jy kan regs skuif.
- Wanneer jy na die volgende ry opbeweeg, skuif na links (soos jy kan sien op die genommerde blokkies).
- Wanneer jy op 'n noot land, kan jy die noot se waarde versamel.
- Wanneer jy op 'n *verkoop* trollie land, skuif een ry op en verdien R100.
- Wanneer jy op n *koop* trollie land, skuif een ry af en betaal R100. (Indien jy nie R100 het nie, skuif een ry af en verloor die volgende beurt.)
- Die wenner is die persoon wat met die meeste geld eindig.

1. **As dit die uitslae was van die getalle waarop jou dobbelsteen geland het, hoeveel geld het jy aan die einde van hierdie gooie? Gebruik ná elke resultaat 'n getallesin of woordsom om te beskryf wat gebeur het.**

Getal op dobbelsteen	Getallesin of woordsom.
6	Verdien R20
6	R20 + R100 = R120
3	R120 +
6	
1	
3	
6	
3	
2	
5	
5	
6	
2	
4	
2	
5	

Probleemoplossing

Maak jou eie dobbelsteentjies en gebruik twee klippies as spelsteentjies. Speel hierdie spel met 'n familielid.

Teken:

Datum:

10 Finansies – wins, verlies en afslag

Weet jy wat wins, verlies en afslag beteken?

Wins is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek word.

Verlies is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.

Afslag is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.

Onthou: wins en verlies hou nie net met besighede verband nie, maar ook met jou persoonlike inkomste.

1. Maak jy 'n wins of verlies in die volgende voorbeelde? Hoeveel wins of verlies?
(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

a. Jy koop lekkers teen 45c elk en verkoop dit teen 65c elk.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) per lekker gemaak.

b. Jy koop potlode teen R2,00 elk en verkoop dit teen R2,40 elk aan jou vriende. Jy verkoop altesame 40 potlode.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.

c. Op Saterdae huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark vir R50. Jy koop vrugtesap vir R1,50 elk en verkoop dit vir R2,50 elk. Laas Saterdag was dit koud en dus het jy net 40 verkoop.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.

d. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 vir R10,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou maats vir 30c per lekker. Gedurende eerste pouse slaag jy daarin om 75 lekkers te verkoop.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.

e. Jy koop vrugte direk van die mark en verkoop dit aan jou bure, vriende en familie. Laas naweek het jy 3 bokse piesangs gekoop. Elke boks bevat 12 trosse van 12 piesangs elk. Elke boks kos R75. Jy slaag daarin om 80% van die piesangs te verkoop teen 65c elk voordat die res te ryp was om te verkoop en jy dit moes weggooi.
Ek het 'n wins/verlies van _____ (bedrag) gemaak.

Wins kan op verskillende maniere bereken word. Normaalweg, wanneer ons oor 10% wins praat, bereken ons dit op die kosprys. Soms verwys ons ook na 'n 10%-prysopslag. Die formule vir die persentasie wins is:

$$\frac{\text{Wins (= Verkoopprys – Kosprys)}}{\text{Kosprys}} \times \frac{100}{1}$$

Byvoorbeeld, as my sokkerbal my R200 kos en ek verkoop dit vir R220 maak ek 'n wins van 10%.

$$\frac{\text{R20 (= R220 – R200)}}{\text{R200}} \times \frac{100}{1} = 10\%$$

2. Watter prys moet ek daarvoor vra?

a. Jy koop lekkers teen 45c elk en jy wil 'n wins van 25% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? _____ (bedrag)

b. Jy koop penne teen R1,27 elk en jy wil 'n wins van 17% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? _____ (bedrag)

c. Op Saterdae huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark teen R50. Jy koop vrugtesap teen R1,50 per boks en jy verkoop normaalweg 200 ene per Saterdag. As jy 'n wins van 35% wil maak nadat jy vir die stalletjie betaal het, hoeveel moet jy per vrugtesap vra? _____ (bedrag)

3. Sal ek steeds 'n wins maak as ek dit teen afslag verkoop?

(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

Jy koop lekkers in groot pakke van 100 teen R12,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou vriende teen 20c per lekker. As hulle 10 lekkers of meer op 'n keer koop, gee jy hulle afslag van 25%. Gedurende die eerste pouse verkoop jy 35 los lekkers en 25 lekkers teen afslagprys.

Wat sal jou wins wees? _____ (bedrag)

Probleemoplossing

As jy jou fiets vir R1 300 gekoop het en dit vir R1 500 verkoop, watter persentasie afslag op die verkoopprys kan jy toestaan aan die maat wat jou fiets wil koop, en steeds wins van R50 maak?

Teken:

Datum:

11 Finansies – Begroting

Weet jy wat 'n begroting is? Kan ek my eie begroting hê of is dit slegs vir grootmense?

Begroting is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.

Begroting is soos 'n skaal waarop jy jou inkomste en jou uitgawes probeer balanseer.

Belangrik: Jou inkomste moet altyd groter as jou uitgawes wees.

Die opstel van 'n begroting is die belangrikste stap om jou geldsake te beheer. Die eerste begrotingsreël: **bestee minder as wat jy verdien!**

Voorbeeld: As jy 'n toelaag (sakgeld) van R50 per maand ontvang en nog R30 vir jou verjaarsdag ontvang, kan jy nie meer as R80 vir die hele maand uitgee nie.

Struktureer jou begroting

1. **Bepaal jou inkomste**

   Maak 'n lys van al jou moontlike inkomste en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand sal verdien.

Inkomste	Geraamde bedrag
Geraamde totale inkomste	

2. **Skat jou uitgawes**

   Maak 'n lys van al jou moontlike uitgawes en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand wil bestee.

Uitgawes	Geraamde bedrag
Geraamde totale uitgawes	

Bestee minder as wat jy verdien!

Netto inkomste is, soos wins, die surplus wat oorbly nadat alle koste afgetrek is van die totale (of **bruto**) inkomste. As die uitgawes die inkomste oorskry, noem ons dit 'n **tekort**.

3. Maak ek 'n surplus?

Trek jou totale uitgawes van jou totale inkomste af om te bepaal of jy 'n surplus of tekort gaan kry.

	Geraamde bedrag
Totale inkomste	
Totale uitgawes	
Netto inkomste	

4. Wat kan ek met my surplus doen?

Maak 'n lys van dinge wat jy met jou surplus kan doen.

Dit is altyd 'n uitstekende idee om vir swaarkrytye te spaar!

5. Spaargeld

As ek daarin slaag om R80 elke maand te spaar, hoe lank moet ek spaar om vir myself 'n nuwe rekenaarspeletjie teen R499,95 te koop?

maande

6. Bly op hoogte van jou begroting

Gebruik die tabel hieronder en stel 'n begroting in jou skryfboek op. Voltooi jou begroting en gaan jou werklike uitgawes vir die volgende maand na.

Inkomste	**Werklike bedrag**	**Geraamde bedrag**	**Verskil**
Geraamde totale inkomste			
Uitgawes			
Geraamde totale uitgawes			
Netto inkomste			

Probleemoplossing

Beskryf in jou eie woorde wat jy van hierdie woorde dink: "'n Begroting sê vir ons wat ons nie kan bekostig nie, maar dit keer ons nie om dit te koop nie."

Teken:

Datum:

12 Finansies – lenings en rente

Wat is 'n lening? Wat is rente?

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins uit rente te behaal wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen is, ook bekend as rentekoers.

Dit is nooit 'n goeie idee om geld te leen nie. Dis beter om te spaar totdat jy dit kan bekostig om iets te koop.

Wanneer iemand geld aan iemand anders leen, betaal die lener gewoonlik 'n tarief aan die uitlener. Hierdie tarief word 'rente' genoem. Daar is twee soorte rente: **enkelvoudige** en **saamgestelde** rente. **Enkelvoudige** of **eenvormige rente** word gewoonlik jaarliks betaal as 'n vaste persentasie van die bedrag wat aan die begin geleen of uitgeleen is. Met **saamgestelde** rente betaal jy rente op die rente! Die formule vir **enkelvoudige rente** is soos volg:
Rente = Hoofsom × Koers × Tyd
Waar:
Rente is die totale bedrag is wat aan rente betaal.
'Hoofsom' is die bedrag wat uitgeleen of geleen is.
'Koers is die persentasie van die hoofsom wat jaarliks as rente gehef word.
'Tyd' is die tyd in jare waarin die lening terugbetaal moet word.

1. Berekening van die rentebedrag

Ek wil 'n nuwe fiets koop om koerante af te lewer. Ek het nie genoeg geld nie, maar 'n maat bied aan om die geld vir my te leen. Ek stem in om die geld ná 1 jaar terug te betaal teen 10% rente per jaar. Ek leen R1 500.

a. Hoeveel rente moet ek betaal?

_____

b. Wat is die totale bedrag wat ek aan my maat moet terugbetaal?

_____

c. As ek besluit om hom weekliks terug te betaal, wat sal my weeklikse paaiement wees?

_____

d. As die rentekoers 12% in plaas van 10% is, hoeveel meer moet ek vir my fiets betaal?

_____

2. Berekening van die rentekoers

Ek leen R3 000 van die bank om 'n rolstoel vir my siek broer te koop. Die kontrak stipuleer dat ek ná 2 jaar R3 900 aan die bank moet terugbetaal.

a. Hoeveel rente moet ek per jaar aan die bank terugbetaal?

_____

b. Wat is die rentekoers wat ek moet betaal?

_____

c. As ek besluit om die bank weekliks te betaal, wat sal my weeklikse paaiement wees?

_____

d. As ek die lening ná een jaar terugbetaal, sal die bank my net R3 360 vra. Wat sal die rentekoers wees as ek hulle ná een jaar terugbetaal?

_____

3. Berekening van die terugbetalingsperiode

a. As die formule vir die berekening van rente is: Rente = Hoofsom × Koers × Tyd, wat sal die formule wees vir die berekening van die leningstydperk?

_____

b. Ek het R5 000 by die bank geleen en hulle hef 10% enkelvoudige rente per jaar. Die totale bedrag wat ek moet terugbetaal, is R6 750. Hoe lank sal dit neem om die lening terug te betaal?

_____

c. Die rentekoers verander na 12% en die totale terugbetaling beloop R8 360. Wat is die terugbetalingstydperk vir die lening van R5 000?

_____

d. Die totale rente wat ek op 'n lening van R7 500 moet betaal, is R7 200 en die rentekoers wat ek betaal is 12%. Hoeveel jaar sal dit my neem om die lening terug te betaal?

_____

Probleemoplossing

Ek betaal R452 per maand op my lening terug. Die rentekoers wat die bank gehef het, was 15% enkelvoudige rente. Ek moet die lening oor 48 maande terugbetaal. Ek het bereken dat die totale bedrag wat ek oor die 48 maande aan rente sal betaal R8 136 is. Wat was die oorspronklike bedrag wat ek by die bank geleen het?

Teken:

Datum:

13 Finansies

Kom ons hersien hierdie finansiële terme.

Wins is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek is.

Verlies is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.

Afslag is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.

Begroting is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins te maak wanneer die geld terugbetaal word.

Rente is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die geleende bedrag, ook bekend as die rentekoers.



1. Jy maak 'n limonadestalletjie oop.

Jy kan suurlemoene by die buurvrou koop teen 10c per suurlemoen en suiker by die plaaslike winkel teen R10 per sakkie. Die papierglase kos 10c elk en jou broer is gewillig om die limonade te verkoop teen 15c kommissie per glas. Jou resep benodig 100 suurlemoene, 'n halwe pak suiker en water om 15 glase limonade te maak. Jy dink jy kan een glas limonade vir R2,50 verkoop.

a. Voltooi die begroting hieronder om te bereken of jy 'n wins sal kan maak as jy 30 glase per week verkoop.

Inkomste	Geraamde bedrag
Limonade verkoop	
Geraamde totale inkomste	
Uitgawes	
Suurlemoene	
Suiker	
Papierglase	
Kommissie (broer)	
Geraamde totale uitgawes	
Netto inkomste	

b. Maak jy 'n wins of verlies? _____

c. Watter persentasie wins of verlies maak jy op die kosprys?

_____

d. As jy besluit om jou wins met 20% te verhoog, wat moet jou nuwe verkoopsprys wees? _____

e. Jou broer wil nie meer die limonade verkoop nie en jy moet dit nou self doen. Watter uitwerking sal dit op jou wins hê?

_____

2. Dit gaan baie goed met jou limonadestalletjie en jy maak steeds 100% wins op die kos van 30 glase teen R2,50 per glas verkoop. Jou broer help jou nog steeds. Jy besluit om 'n limonademasjien te koop.

Die limonademasjien kos R1 750 en jy vra jou familie om die geld vir jou te leen. Hulle stem in om jou die geld te leen teen 15% enkelvoudige rente per jaar. Jy moet hulle binne een jaar terugbetaal. Met die limonademasjien sal jy in staat wees om 150 glase per maand te verkoop. Sal jy steeds winsgewend wees? Watter persentasie wins of verlies sal jy maak?

Probleemoplossing

Jy koop droëvrugte in groot sakke en herverpak dit in kleiner sakke. 'n Groot sak gemengde droëvrugte kos R476 en jy kan dit in 50 kleiner sakke herverpak. Die rit na die mark kos R50 en die klein sakkies 50c elk. Hoeveel behoort jy vir die klein sakkies droëvrugte te vra om 'n wins van 33,33% te maak?

Teken:

Datum:

14a Kwadraatgetalle en derdemagte

Kyk na die volgende patroon:



As ons een sirkel in die eerste patroon het, vier sirkels in die tweede patroon en nege sirkels in die derde patroon, hoeveel sirkels sal daar in die tiende patroon wees? Hoe het jy dit uitgewerk?



Kyk na die volgende kubusse: As ons een kubus in die eerste patroon, agt kubusse in die tweede patroon en 27 kubusse in die derde patroon het, hoeveel kubusse sal ons in die vierde patroon hê?

1. Die getalle bo staan bekend as _____ en _____ getalle.

2. Skryf die volgende as kwadraatgetalle:

Voorbeeld: $13 \times 13 = 13^2$

Hierdie 2 is die **eksponent**. Ons sê 13 kwadraat of 13 tot die mag 2.

a. $2 \times 2 =$ _____

b. $7 \times 7 =$ _____

c. $5 \times 5 =$ _____

d. $10 \times 10 =$ _____

e. $3 \times 3 =$ _____

f. $11 \times 11 =$ _____

3. Skryf die volgende as vermenigvuldigingsinne:

Voorbeeld: $15^2 = 15 \times 15$

a. $5^2 =$ _____

b. 9^2 _____

c. $4^2 =$ _____

d. $2^2 =$ _____

e. $7^2 =$ _____

f. $12^2 =$ _____

4. Vir 3^2, identifiseer: a. die grondtal. b. die eksponent.

5. Kleur al die kwadraatgetalle op die vermenigvuldigingsbord in. Watter patroon let jy op?

×	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

6. Rangskik hierdie getalle in stygende orde:

$2, 9^2, 5^2, 5, 6^2, 2^2, 8^2, 7^2, 12^2, 1^2, 3^2, 10, 11^2, 4^2, 10^2$

7. Rangskik bostaande getalle in dalende orde:

8. Vul in <, > of = :

a. 2^2 ____ 2×2

b. 5^2 ____ 5×2

c. 9^2 ____ 9×9

d. 8^2 ____ 2×8

e. 11^2 ____ 10×11

f. 3×3 ____ 3^2

9. Getalle wat 'n eksponent van 2 het, word ____ getalle genoem.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

14b Kwadraatgetalle en derdemagte

vervolg

10. Skryf die volgende as derdemagte:

Voorbeeld: $6 \times 6 \times 6 = 6^3$

a. $3 \times 3 \times 3 =$ _____ b. $2 \times 2 \times 2 =$ _____ c. $5 \times 5 \times 5 =$ _____

11. Skryf die volgende as vermenigvuldigingsomme:

Voorbeeld: $6^3 = 6 \times 6 \times 6$

a. 2^3 _____ b. 4^3 _____ c. 1^3 _____

12. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n derdemag is.

13. Identifiseer **a. die grondtal**
b. die eksponent

4^3

14. Noem die aantal blokkies in elk van die diagramme hieronder deur van eksponente gebruik te maak. Rangskik dan hierdie getalle, wat in eksponensiële vorm geskryf is, in stygende orde.



15. Plaas hierdie getalle in dalende orde:

3^3, 4^3, 2^3, 5^3, 1^3

16. Vul in <, > of = :

a. 2^3 ☐ 2×2

b. 125 ☐ 5^3

c. 1×1 ☐ 1^3

d. 27 ☐ 3^3

e. 6 ☐ 3^3

f. 5^3 ☐ 8

17. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

Voorbeeld: $5^2 + 3^2 = 25 + 9 = 34$

a. $2^2 + 10^2 =$

b. $6^2 - 3^2 =$

c. $8^2 + 10^2 =$

18. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

Voorbeeld: $5^2 + 3^3 = 25 + 27 = 52$

a. $6^3 - 5^2 =$

b. $2^2 + 3^3 =$

c. $9^3 - 4^2 =$

19. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

a. $2^2 + 3^3 - 1^3 =$

b. $5^3 - 4^3 + 3^3 =$

c. $4^2 + 4^3 + 2^2 =$

Probleemoplossing

Tel die kleinste kwadraatgetal en die grootste kwadraatgetal op wat kleiner is as 100. Doen dieselfde met derdemagte.

Teken:

Datum:

15a Vierkants- en derdemagswortels

Wat dink jy verteenwoordig hierdie diagramme?

1	2	3
4	5	6
7	8	9

$\sqrt{9}$

3 × 3 = 9, dus is die vierkantswortel van 9 = 3.



3 × 3 × 3 = 27,

$\sqrt[3]{27}$

dus is die derdemagswortel van 27 = 3.

1. Watter kwadraatgetal en vierkantswortel verteenwoordig die diagramme hieronder?

Voorbeeld: a. 3 × 3 = 9, dus is die kwadraatgetal 9 en die vierkantswortel ($\sqrt{\ }$) van 9 = 3.

a.

$(3)^2 = 9$

$\sqrt{9} = 3$



b.

$(\ \ )^2 =$

$\sqrt{\ } =$



c.

$(\ \ )^2 =$

$\sqrt{\ } =$



2. Skryf die volgende deur die simbool vir vierkantswortel te gebruik.

a. Die vierkantswortel van 9

b. Die vierkantswortel van 25

3. Bereken die vierkantswortel:

Voorbeeld: $\sqrt{9} = \sqrt{3 \times 3} = 3$

a. $\sqrt{81} =$

b. $\sqrt{1} =$

c. $\sqrt{121} =$

d. $\sqrt{64} =$

e. $\sqrt{36} =$

f. $\sqrt{169} =$

4. Skryf die volgende in stygende orde.

$\sqrt{16}$, $\sqrt{4}$, $\sqrt{25}$, $\sqrt{9}$, $\sqrt{36}$

5. Skryf die volgende in stygende orde.

$\sqrt{4 \cdot 4}$, $\sqrt{3 \cdot 3}$, $\sqrt{2 \cdot 2}$

6. Skryf die volgende in dalende orde.

$\sqrt{25}$, 2^2, $\sqrt{16}$, $\sqrt{100}$, 9^2 ☐

7. Vul in <, > of =

a. $\sqrt{36}$ ☐ $\sqrt{25}$ b. $\sqrt{81}$ ☐ $\sqrt[3]{27}$ c. $\sqrt{9}$ ☐ $\sqrt{16}$

d. $\sqrt{81}$ ☐ 3^2 e. 3^2 ☐ $\sqrt{36}$ f. 4^2 ☐ $\sqrt{25}$

8. Wat is die derdemagswortel van die kubusse hieronder?

Voorbeeld: 3 × 3 × 3 = 27, dus is die derdemagswortel van 27 = 3.

a. 

b. 

c. 

d. 

a. _____ dus is die derdemagswortel van ___ = ___

b. _____ dus is die derdemagswortel van ___ = ___

c. _____ dus is die derdemagswortel van ___ = ___

d. _____ dus is die derdemagswortel van ___ = ___

9. Skryf die volgende deur die simbool vir vierkantswortel te gebruik.

a. Die derdemagswortel van 27 ☐

b. Die derdemagswortel van 8 ☐

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15b Vierkants- en derdemagswortels

vervolg

10. Bereken die derdemagswortel.

Voorbeeld: $\sqrt[3]{27} = 3 \times 3 = 3$
$= \sqrt[3]{3 \times 3 \times 3}$ want $27 = 3 \times 3 \times 3$
$= 3$

a. $\sqrt[3]{8}$ ☐ b. $\sqrt[3]{64}$ ☐ c. $\sqrt[3]{1}$ ☐

11. Skryf die volgende in stygende orde:

$\sqrt[3]{27}$; $\sqrt[3]{8}$; $\sqrt[3]{125}$; $\sqrt[3]{1}$ ☐

12. Skryf die volgende in dalende orde:

$\sqrt[3]{3 \cdot 3 \cdot 3}$; $\sqrt[3]{2 \cdot 2 \cdot 2}$; $\sqrt[3]{4 \cdot 4 \cdot 4}$; ☐

13. Skryf die volgende in stygende orde:

2^3; 1^3; $\sqrt[3]{27}$; 4^3 ☐

14. Vul in <, > of =

a. $\sqrt[3]{8}$ ☐ $\sqrt[3]{1}$ b. 3^2 ☐ $\sqrt{36}$ c. 4^2 ☐ $\sqrt{25}$

d. $\sqrt[3]{125}$ ☐ 5^3 e. $\sqrt[3]{8}$ ☐ 8 f. $\sqrt[3]{125}$ ☐ 2

15. Skryf die volgende in stygende orde:

$\sqrt[3]{27}$; $\sqrt[3]{8}$; $\sqrt[3]{125}$; $\sqrt[3]{1}$ ☐

16. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt{16} + \sqrt{25}$
$= 4 + 5$
$= 9$

a. $\sqrt{9} + \sqrt{16} =$ ☐ b. $\sqrt{25} - \sqrt{16} =$ ☐

c. $\sqrt{100} + \sqrt{81} =$ ☐ d. $\sqrt{25} + \sqrt{64} =$ ☐

17. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{}\ \sqrt[3]{}$
$= 4 - 3$
$= 1$

a. $\sqrt[3]{216} + \sqrt[3]{27} =$ ☐

b. $\sqrt[3]{27} - \sqrt[3]{8} =$ ☐

c. $\sqrt[3]{64} + \sqrt[3]{216} =$ ☐

d. $\sqrt[3]{27} + \sqrt[3]{64} =$ ☐

18. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{125} + \sqrt{16}$
$= 5 + 4$
$= 9$

a. $\sqrt{216} - \sqrt{25} =$ ☐

b. $\sqrt{16} + \sqrt[3]{8} =$ ☐

c. $\sqrt{25} + \sqrt[3]{8} =$ ☐

d. $\sqrt{25} - \sqrt[3]{27} =$ ☐

19. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{27} + 3^2 - \sqrt{25}$
$= 3 + 9 - 5$
$= 7$

a. $\sqrt[3]{216} + 4^2 - \sqrt{16} =$ ☐

b. $9^2 - \sqrt[3]{27} + \sqrt{4} =$ ☐

c. $3^3 + 4^3 + \sqrt{25} =$ ☐

d. $\sqrt{144} - 2^2 + \sqrt[3]{8} =$ ☐

Probleemoplossing

Pret met vierkante en kubusse

a. Skryf neer al die tweesyfer-kwadraatgetalle.
b. Skryf neer al die driesyfer-derdemagte.
c. Skryf neer die vierkantswortels van al die tweesyfer-kwadraatgetalle.
d. Skryf neer die derdemagswortels van al die tweesyfer- en driesyfer-derdemagte.

Teken:

Datum:

16 Eksponensiaalnotasie

In wetenskap het ons te make met getalle wat soms uiters groot of uiters klein is.

Daar is 602 000 000 000 000 000 000 000 watermolekules in 18 gram water. 'n Korter manier waarop dieselfde getal geskryf kan word is deur eksponensiaalnotasie te gebruik om al daardie nulle as 'n getal tot die mag tien voor te stel:

$6{,}02 \times 10^{23}$ is die korter manier om die getal van al daardie molekules voor te stel. So 'n getal kan gelees word as "Ses komma nul twee maal met tien tot die mag van drie en twintig".

Hoe dink jy sal ons 10^{23} as 'n getal skryf?

1. Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?

Voorbeeld: $10 \times 10 \times 10 \times 10 = 10\,000$

a. $10 \times 10 =$ _____

b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

c. $10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

d. $10 \times 10 \times 10 =$ _____

e. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

f. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

2. Voltooi die tabel.

Som	Eksponensiaal-formaat	Antwoord
a. 10×10	10^2	100
b. $10 \times 10 \times 10$		
c. $10 \times 10 \times 10 \times 10$		
d. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10$		
e. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10$		

Gaan jou antwoorde na deur 'n wetenskaplike sakrekenaar te gebruik.



Om 10^4 te tik, kan jy die getal tien tik:

Gebruik daarna die x^y-knoppie en tik 4:

Die resultaat behoort tienduisend te wees.

3. **Identifiseer die grondtal en die eksponent van die volgende: 10^4.**

4. **Pas kolom B by kolom A:**

A	B
10^7	a. tien tot die mag nege
10^5	b. tien tot die mag sewe
10^8	c. tien tot die mag vyf
10^3	d. tien tot die mag agt
10^9	e. tien tot die mag drie

5. **Skryf die volgende in eksponensiaalvorm.**

Voorbeeld: $10 \times 10 \times 10 \times 10 = 10^4$

a. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$

b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$

c. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$



6. **Brei die volgende stellings uit:**

Voorbeeld: $10^3 = 10 \times 10 \times 10$

a. 10^2 b. 10^4 c. 10^5

d. 10^6 e. 10^7 f. 10^8

7. **Jou neef het die volgende in sy wiskundeboek geskryf: 10^5. Wat beteken dit?**

8. **Gee 'n paar praktiese voorbeelde van waar eksponensiaalnotasie gebruik word.**

Probleemoplossing

Skryf een biljoen in eksponensiaalnotasie.

Teken:

Datum:

17 Skat en bereken eksponente

Watter vermenigvuldigingsomme sal jou 'n antwoord van 10^4 gee?

10 × 1 000	1 × 10 × 1 000	10 × 100	10 × 100 × 10	100 × 1 000
1 × 1 000	100 × 10 × 1	10 × 10 × 10 × 10	1 × 1 × 1 × 1	1 000 × 10
1 × 1 000 × 10	10 × 10 × 100	100 × 10 × 1 × 1	1 × 10 000	100 × 10 + 10
10 000 × 1	100 × 10 × 10 × 1	1 000 × 1 000	100 × 10	10 + 10 + 10 + 10
100 × 10 × 10	10 × 10	10 × 1 × 1 000	10 × 10 × 10	100 × 100

1. Skryf in eksponensiaalvorm:

Voorbeeld: $10 \times 10 \times 10 \times 10 = 10^4$

a. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

b. $10 \times 10 \times 10 =$ _____

c. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

d. $10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

e. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$ _____

2. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

Voorbeeld: $10^4 = 10 \times 10 \times 10 \times 10$

a. 10^3 _____ b. 10^{10} _____ c. 10^7 _____

d. 10^5 _____ e. 10^4 _____ f. 10^6 _____

3. Bereken:

Voorbeeld: $10^4 + 10^3$
$= 10\,000 + 1\,000$
$= 11\,000$

a. $10^3 + 10^2 =$ b. $10^4 + 10^6 =$ c. $10^5 + 10^3 =$

4. Bereken:

Voorbeeld: $4 + 10^3$
$= 4 + 1\ 000$
$= 1\ 004$

a. $5 + 10^4 =$

b. $10^5 \times 9 =$

c. $10^5 \times 7 =$

5. Bereken:

Voorbeeld: $2 \times 10^4 + 3 \times 10^5$
$= 2 \times 10\ 000 + 3 \times 100\ 000$
$= (2 \times 10\ 000) + (3 \times 100\ 000)$
$= 20\ 000 + 300\ 000$
$= 320\ 000$

a. $3 \times 10^3 + 4 \times 10^4 =$

b. $8 \times 10^4 + 3 \times 10^2 =$

c. $5 \times 10^2 + 8 \times 10^6 =$

6. Bereken:

Voorbeeld: $2 \times 10^4 + 3 \times 10^3 + 4 \times 10^5$
$= 2 \times 10\ 000 + 3 \times 1\ 000 + 4 \times 100\ 000$
$= (2 \times 10\ 000) + (3 \times 1\ 000) + (4 \times 100\ 000)$
$= 20\ 000 + 3\ 000 + 400\ 000$
$= 423\ 000$

a. $1 \times 10^2 + 8 \times 10^5 + 3 \times 10^6$

b. $3 \times 10^3 + 8 \times 10^3 + 7 \times 10^7 =$

c. $5 \times 10^3 + 6 \times 10^2 + 2 \times 10^4 =$

d. Maak jou eie getallesin en bereken die antwoord.

Probleemoplossing

Bereken tien tot die mag drie plus tien tot die mag twee plus drie maal tien tot die mag een.

Teken:

Datum:

18 Skat en bereken nog eksponente

Pas die woord by die prentjie en verduidelik jou antwoord aan 'n maat of 'n familielid.

Kwadraat-getalle

Tot die mag tien

Derde-magte

'n Getal tot die mag 0. Wat beteken dit?

Getalle tot die mag van tien kan nuttig wees wanneer ons baie groot getalle neerskryf. Byvoorbeeld, die totale volume van water wat op die aarde gestoor word is 1 460 000 000 km^3. Ons kan dit ook as 146 × 10^6 km^3 skryf.

1. Bereken.

Voorbeeld: $2^2 + 2^3 = 4 + 8 = 12$

a. $2^2 + 12^2 =$ _____

b. $4^2 + 10^2 =$ _____

c. $2^3 + 11^2 =$ _____

d. $6^3 + 1^3 =$ _____

e. $3^2 + 2^3 =$ _____

f. $5^2 + 2^3 =$ _____

2. Bereken.

Voorbeeld: $2^2 + 3^3 + 4^2 = 4 + 27 + 16 = 47$

a. $2^2 + 4^3 + 3^2 =$ _____

b. $5^3 + 6^2 + 9^2 =$ _____

c. $7^2 + 2^3 + 8^1 =$ _____

d. $5^2 + 10^2 + 12^2 =$ _____

e. $11^2 + 4^2 + 3^3 =$ _____

f. $5^3 + 9^2 - 6^2 =$ _____

3. Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?

a. $3^2 =$ _____

b. $3^3 =$ _____

c. $5^2 =$ _____

d. $11^2 =$ _____

e. $2^4 =$ _____

f. $2^2 =$ _____

g. $5^3 =$ _____

h. $4^2 =$ _____

i. $6^2 =$ _____

4. Bereken:

Voorbeeld: $(12 - 9)^3$
$= (3)^3$
$= 27$

a. $(8 - 4)^3 =$ _____

b. $(7 + 1)^2 =$ _____

c. $(9 + 2)^2 =$ _____

d. $(18 - 9)^2 =$ _____

e. $(11 - 6)^3 =$ _____

f. $(16 - 11)^3 =$ _____

5. Skep jou eie getallesinne en bereken die antwoord.

a. Tel drie derdemagte bymekaar.	b. Tel drie kwadraatgetalle bymekaar.	c. Tel twee derdemagte en een kwadraatgetal bymekaar.
d. Trek 'n kwadraatgetal van 'n derdemag af.	e. Die som van twee derdemagte en twee kwadraatgetalle.	f. Die som van drie tot die mag twee en drie derdemagte.
g. Gebruik veelvuldige bewerkings op drie derdemagte.	h. Gebruik veelvuldige bewerkings op vier kwadraatgetalle.	i. Tel 'n 3-syfer-derdemag by 'n 2-syfer-kwadraatgetal.

Probleemoplossing

Wat is vier tot die mag drie minus een tot die mag een plus een honderd tot die mag een?
Gaan jou antwoord na deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Teken:

Datum:

19 Getalle in eksponensiaalvorm

As:

- kwadraatgetalle 1, 4, 9,16, 25, … is en
- derdemagte 1, 8, 27, 64, 81, … is

Hoe kan ek hierdie getalle in die eksponensiële vorm skryf?

1. Brei die patroon nog drie keer uit (tot by die mag van 5). Gebruik jou sakrekenaar waar nodig.

a. $20 = 20^1$
$20 \times 20 = 20^2$

b. $10 = 10^1$
$10 \times 10 = 10^2$

c. $17 = 17^1$
$17 \times 17 = 17^2$

d. $38 = 38^1$
$38 \times 38 = 38^2$

e. $59 = 59^1$
$59 \times 59 = 59^2$

f. $15 = 5^1$
$15 \times 15 = 15^2$

2. Brei die eksponensiële notasie uit en gebruik jou sakrekenaar om die antwoord te bereken.



Voorbeeld: 18^4
$= 18 \times 18 \times 18 \times 18$
$= 104\,976$

a. 22^3

b. 81^2

c. 74^4

d. 39^1

e. 97^7

f. 32^8

3. Brei die patroon nog een keer uit.

a. $a = a^1$
$a \times a = a^2$

b. $b = b^1$
$b \times b = b^2$

c. $m = m$
$m \times m = m^2$

d. $r = r^1$
$r \times r = r^2$

e. $k = k^1$
$k \times k = k^2$

f. $n = n^1$
$n \times n = n^2$

4. Brei uit:

Voorbeeld: m^4
$= m \times m \times m \times m$

a. a^3

b. b^2

c. r^4

d. m^1

e. p^7

f. p^8

5. Bereken die antwoorde van vrae 3 en 4, as:

$a = 10$ $b = 3$ $m = 100$ $r = 5$ $k = 1$ $n = 20$ $p = 2$

Jy het ekstra papier nodig om hierdie berekeninge te doen.

Probleemoplossing

Ek het vier en vyftig tot die mag een, en nege en sewentig tot die mag een. Wat sal die totaal wees as ek hierdie twee getalle by mekaar tel?

Teken:

Datum:

20 Konstruksie van geometriese objekte

Waarvoor gebruik ons 'n gradeboog?

- 'n Gradeboog is 'n instrument vir die meting van 'n hoek.
- 'n Hoek word in grade gemeet.
- 'n Sirkel is 360°.



1. Hoe sal jy hoeke meet deur 'n gradeboog te gebruik?

Vul die ontbrekende woorde in. Hierdie woorde kan jou help (woorde mag herhaal word): hoek, sye, geboë, middelpunt, nul, klein

a. Vind die _____ gaatjie bo die reguit kant van die gradeboog.



b. Stel die _____ in lyn op die reguit kant van die gradeboog met een van die _____ van die hoek.



c. Plaas die gaatjie oor die toppunt van die _____ wat jy wil meet.



d. Vind die punt waar die tweede _____ van die hoek die _____ kant van die gradeboog kruis.



2. Noem vier professies waar mense gradeboë sal gebruik.

a. _____

b. _____

c. _____

d. _____

3. Meet elke hoek (jy kan die strale verleng om jou te help met die meting).

a.



b.



c.



d.



e.



f.



g.



h.



i.



j.



4. Teken 'n hoek:

a. Kleiner as 90 grade. Meet dit.

b. Groter as 90 grade. Meet dit.

Probleemoplossing

As jy 'n hoek meet wat tussen 0° en 45° is, hoe groot kan die hoek wees? Waar in die natuur sal ons so 'n grootte hoek aantref?

Teken:

Datum:

21a Hoeke en sye

Identifiseer al die 90°-hoeke, die hoeke kleiner as 90° en die hoeke groter as 90°.

1. Wat is 'n hoek?

2. Pas kolom A by kolom B:

A: Naam van hoek	B: Grade
Skerphoek	90°
Stomphoek	360°
Regtehoek	Minder as 90°
Gestrekte hoek	Tussen 180° en 360°
Inspringende hoek	Tussen 90° en 180°
Omwenteling	180°

3. Wat is 'n gradeboog?

4. Etikeer hierdie gradeboog.



5. Meet en benoem elke hoek.

a. Voorbeeld



30°

Skerphoek

b.



c.



d.



e.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

Hoeke en sye vervolg

6. Wat is 'n sy (of straal)?

7. Kyk na die prentjies van die gradeboë.

Skryf neer die grootte van die hoek wat elke keer gemeet word en gebruik ook jou liniaal om die lengte van die sy van elke vorm te meet.

a.



Hoek: 60°

Lengte van sye: 3 gelyke sye van 28 mm elk

b.



Hoek:

Lengte van sye:

c.



Hoek:

Lengte van sye:

d.



Hoek:

Lengte van sye:

8. Noem die hoeke.

Grootte van hoek	Naam van hoek
40°	Skerphoek
96°	
180°	
172°	
200°	
145°	
60°	
2°	
359°	
240°	

9. Hoeveel hoeke kan jy in hierdie prentjie sien? Watter soort hoeke is dit?

Probleemoplossing

a. Tel die hoeke wat op die diagram aangedui word bymekaar.



b. As ek 'n hoek het wat nie 'n skerphoek is nie en kleiner as 180° is, watter tipe hoek sal dit wees?

Teken:

Datum:

22a Grootte van hoeke

Wat is 'n hoek? Maak drie sketse van hoeke wat jy in jou huis kan sien.

1. Vind hoeke in hierdie prentjies en meet hulle deur van jou gradeboog gebruik te maak. (Let wel: As gevolg van die perspektief van die prentjies sal die hoeke in die prentjies nie almal dieselfde wees as wat hulle op die werklike voorwerpe sal wees nie.)

2. Vul die grade op die gradeboë in.

a.



b.



3. Meet die hoeke van die veelhoeke en vul die waardes in.

a.



b.



c.



Teken:

Datum:

vervolg ☛

Grootte van hoeke vervolg

4a. Die hoek wat hieronder gemeet word, is 290°. Is dit moontlik om 'n poligoon met 'n binnehoek van 290° te kry? Verduidelik jou antwoord.



4b. Wat is die grootte van die hoek? Teken 'n poligoon met dieselfde binnehoek.



5. **Vind en meet drie hoeke in elke figuur.**



a. | | | |

b. | | | |

Probleemoplossing

Wat is die algemeenste hoeke wat jy in jou huis sal aantref?
Watter hoeke kom algemeen in motorvoertuie voor?

Teken:

Datum:

23 Gebruik van 'n gradeboog

Kyk na die prentjies. Waarvoor gebruik hierdie mense hul gradeboë?



1. Die stap-vir-stap instruksies hieronder toon hoe om 'n 45° hoek te trek. Volg hierdie instruksies om die hoeke in die gegewe vrae te trek.

Stap 1: Trek 'n lynsegment. Benoem dit AB. 	1. Trek 'n 45°-hoek ABC.
Stap 2: Plaas die gradeboog sodat die oorsprong (klein gaatjie) oor die punt A is. Roteer die gradeboog sodat die basislyn presies op die lyn AB is. 	
Stap 3: Gebruik (in hierdie geval) die binneste skaal, en vind die verlangde hoek – in 1. Dit is 45°.	2. Trek 'n 100°-hoek CDE
Stap 4: Maak 'n merk by hierdie hoek, en verwyder die gradeboog.	
Stap 5: Met 'n liniaal, trek 'n reguit lyn vanaf A tot by die merk wat jy pas gemaak het. Benoem hierdie punt C. (Jy kan ook die reguit kant van die gradeboog gebruik) 	3. Trek 'n 175 ° hoek JKL.
Stap 6: Die lyn wat getrek is, maak 'n hoek BAC met 'n meting van 45°. 	

2. Gebruik 'n liniaal en 'n gradeboog om geometriese figure te teken en te benoem. Skryf die stappe neer wat jy volg om dit te konstrueer.

a. 'n 60°-hoek ABC.

b. 'n Driehoek met hoeke insluitend 'n 45°-hoek en 'n 65°-hoek.

c. 'n Tetragoon (vierhoek) met hoeke insluitend 'n 70°-hoek en 'n 100°-hoek. 'n Tetragoon het 4 sye.

Probleemoplossing

Teken 'n poligoon (veelhoek) met ses sye waar een hoek 30° is.

Teken:

Datum:

24 Parallelle en loodregte lyne

Kyk na die strukture. Identifiseer die parallelle en loodregte lyne en lynsegmente.



1. Watter wiskundige instrument is 'n passer? Teken 'n skets van 'n passer.

2. Pas kolom A by kolom B.

Kolom A	Kolom B
Lynsegment	
Parallelle lyne	
Loodregte lyne	

3. Teken die volgende lynsegmente met 'n liniaal.

a. 5 cm

b. 7,5 cm

c. 65 mm

d. 23 mm

e. 8,9 cm



4. Konstrueer ‘n loodregte lyn om ‘n gegewe lyn te halveer. Gebruik die riglyne om jou te help.

Stap 1
Trek ‘n lyn en merk punte A en B op dit. Sit die passer se punt op A en maak dit oop sodat die potlood aan punt B raak. (Dus is die lengte van AB met ‘n passer “gemeet”.)



Stap 2
Los die passer se punt op A en maak met die passer ‘n boog ongeveer twee derdes van die lyn se lengte.



Stap 3
Met die passer se breedte dieselfde, beweeg die passer punt na B en trek nog ‘n boog wat die eerste boog by twee punte kruis. Benoem hierdie punte C en D.



Stap 4
Trek ‘n lyn deur punte C en D wat die lyn AB by E halveer.



Meet hoek AEC en BED om te kyk hoe akkuraat jy gewerk het.

5. Watter simbole gebruik ons om die volgende aan te dui?

- Lyne wat loodreg is
- Sye wat gelyk is
- Sye wat parallel is

Probleemoplossing

Is hierdie lyne en pilare in werklikheid parallel of nie? Sê hoekom of hoekom nie.

Teken:

Datum:

25a Konstrueer hoeke en 'n driehoek

Identifiseer die driehoeke in die prent.

1. Konstrueer 'n hoek van 45°. Gebruik die riglyne om jou te help.

Stap 1
Volg die stappe om 'n loodregte lyn te trek op bladsy 57.



Stap 2
Laat die passer se punt op C, en trek 'n boog met die passer, rofweg halfpad tussen C en B. Plaas daarna die passer se punt op B en trek 'n boog wat die eerste een kruis.



Stap 3
Merk dit D en trek die lyn E wat twee 45°-hoeke skep.



Om 'n 45°-hoek te konstrueer, halveer jy 'n 90°-hoek.

2. Gee vyf alledaagse voorbeelde van waar ons hoeke van 45° sal aantref.

3. Konstrueer 'n gelyksydige driehoek. Volg die stappe en konstrueer jou driehoek hieronder.

Stap 1
Trek 'n lyn. Maak 'n merk daarop (A).



Stap 2
Plaas die passer se punt op A en maak dit oop sodat die potlood aan B raak. (Jy het dus die lengte van AB met die passer "gemeet".)



Stap 3
Laat die passer se punt op A, en trek 'n boog met die passer, rofweg daar waar jy dink die ander toppunt (hoek) van die driehoek gaan wees. (Die afstand van A tot by hierdie punt sal dieselfde wees as die lengte van AB.)



Stap 4
Moenie die passer verstel nie. Beweeg nou die passer se punt na B en trek nog 'n boog wat die eerste kruis. Benoem dit C.



Stap 5
Omdat die lengtes van AC en BC albei gelyk is aan die lengte van AB, het ons drie punte wat almal dieselfde afstand van mekaar is. As ons hulle verbind, het ons dus 'n gelyksydige driehoek, waarvan elke hoek gelyk is aan 60°.



Meet die hoeke om vas te stel hoe akkuraat jy gekonstrueer het.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

Konstrueer hoeke en 'n driehoek vervolg

4. Konstrueer 'n driehoek met een hoek 90^0 en eek hoek 60^0 sonder om 'n gradeboog te gebruik.

5. Konstrueer 'n hoek van 30°. Gebruik die riglyne hieronder.

Volg stap 1 om 'n hoek van 60° te konstrueer (soos in vraag 3 op bladsy 59), en volg dan stappe 2 en 3 hieronder.

Stap 1



Stap 2



Stap 3



Om 'n 30°-hoek te konstrueer, halveer jy 'n 60°-hoek.

Probleemoplossing

Konstrueer enige figuur met minstens een hoek van 30° en een hoek van 45°.

Teken:

Datum:

26 Sirkels

Wat het al hierdie prentjies met mekaar gemeen?

1. Benoem die sirkel.
Gebruik die volgende woorde: koord, deursnee, radius en middelpunt.

a.


b.


c.


2. Wat is 'n sirkel?

3. Meet die deursnee (diameter) van elke sirkel. Wat is die radius van elke sirkel?
a. Skryf die radius van elke sirkel, onder die sirkel neer.
b. Trek enige koord op elke sirkel en meet dit.

(i)


Radius: _____
Koord: _____

(ii)


Radius: _____
Koord: _____

(iii)


Radius: _____
Koord: _____

Hoe om 'n sirkel te trek

Gebruik 'n passer om 'n sirkel akkuraat te teken.



Stel die potloodpunt in lyn met die passer se punt.



Maak die potloodhouer stywer sodat dit nie skuif nie.



Stel die passer reg volgens die radius van die sirkel. (Die radius is die afstand tussen die middelpunt en die omtrek; dit is die helfte van die deursnee.)



Maak seker dat die skarnier bo-op die passer vasgedraai is sodat dit nie skuif nie.



Druk die passer se punt afwaarts en draai die knop bo-op die passer om 'n sirkel te teken.

4. Teken hierdie sirkels. Gebruik jou eie papier.

a. 'n sirkel met 'n deursnee van 4 cm.

b. 'n sirkel met 'n deursnee van 36 mm.

c. 'n sirkel met 'n deursnee van 2,6 cm.

d. 'n sirkel met 'n deursnee van 30 mm.

Probleemoplossing

Teken 'n sirkel met 'n radius van 25 mm. Hou aan om sirkels met radiusse van 25mm te teken totdat jy 'n vel A4-papier met sirkelpatrone gevul het.

Teken:

Datum:

27a Driehoeke

Wat beteken hierdie driehoekige padtekens? Teken nog twee.

1. **Meet elk van hierdie driehoeke:**
   a. Meet die sye.
   b. Wat let jy op?
   c. Meet die hoeke van die driehoeke.
   d. Wat let jy op?
   e. Benoem elke driehoek.



2. **'n Driehoek bekend as 'n gelyksydige driehoek het drie gelyke sye en drie gelyke hoeke. Teken drie verskillende gelyksydige driehoeke. Benoem elk.**

3. Meet elk van hierdie driehoeke:

a. Meet die sye.
b. Wat let jy op?
c. Meet die hoeke van die driehoeke.
d. Wat let jy op?
e. Benoem elke driehoek.



4. 'n Driehoek word 'n gelykbenige driehoek genoem as dit twee sye van gelyke lengte het. Die hoeke teenoor hierdie twee sye sal ook gelyk wees. Teken drie verskillende gelykbenige driehoeke.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

Driehoeke vervolg

5. Meet elk van hierdie driehoeke.

a. Meet die sye.
b. Wat let jy op?
c. Meet die hoeke van die driehoeke.
d. Wat let jy op?
e. Benoem elke driehoek.



6. 'n Ongelyksydige driehoek het drie sye van verskillende lengtes. Teken drie verskillende ongelyksydige driehoeke.

7. Meet elk van hierdie driehoeke.

a. Meet die sye.
b. Wat let jy op?
c. Meet die hoeke van die driehoeke.
d. Wat let jy op?
e. Benoem elke driehoek.



8. Teken drie driehoeke van verskillende groottes, elk met 'n regte hoek (90°).

Probleemoplossing

Maak jou eie geskenkpapier deur driehoeke op 'n vel papier te teken. Gebruik al die tipes driehoeke waarvan jy geleer het.

Teken:

Datum:

28a Poligone

Gebruik die diagramme hieronder om jou eie Chinese legkaart, 'n tangram, te maak.



Hoekom dink jy noem ons 'n tangram 'n disseksie-legkaart?

1. Voltooi hierdie tabel.

Poligoon						
Totale getal sye						
Hoekgrootte						
Totale som van hoeke						

Meet al die ander hoeke. Wat let jy op?

Toets jou antwoorde deur die formule vir die berekening van die som van 'n poligoon se hoeke te gebruik: {getal sye – 2} × 180°

2. Wat is dit? Waar sal jy dit aantref? Watter poligoon (poligone) kan jy identifiseer?

a.



b.

3. Watter geometriese figure sien jy?

a.

b.



4. Identifiseer, benoem en beskryf die poligone in hierdie prentjies.

a.

b.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

5. Die tangram in uitknipsel 1 is 'n disseksie-legkaart. Dit bestaan uit sewe stukke, bekend as tans, wat inmekaar pas om die een of ander vorm te maak. Die doelwit is om 'n spesifieke vorm met sewe stukke te maak. Die vorm moet al die stukke bevat, en die stukke mag nie oorvleuel nie.

a. Een van die vorms is 'n vierkant. Bou 'n groot vierkant met al die tangramstukke en skets dit dan.

b. Maak 'n reghoek met al die stukke. Skets dit.

c. Maak 'n parallelogram met al die stukke. Skets dit.

d. Maak 'n trapesium met al die stukke. Skets dit.

e. Maak 'n driehoek met al die stukke. Skets dit.

f. Maak enige ander poligoon (veelhoek) met die tangramstukke. Skets dit.

6. Sê of elk van die volgende 'n tetragoon (vierhoek) is of nie. Gee redes vir jou antwoorde.

a.



b.



c.



d.



e.



f.



Probleemoplossing

Watter breuk van die tangram is hierdie vierkant?



Teken:

Datum:

29 Kongruente en gelykvormige vorms

Kongruente vorms het presies dieselfde grootte, vorms en hoeke.

Gelyksoortige vorms het dieselfde vorm en hoeke maar verskil in grootte.

Watter driehoeke is kongruent?
Watter driehoeke is gelyksoortig?



1. Wat let jy op in verband met hierdie prentjies?

2. Wat let jy op in verband met hierdie prentjies?

3. Watter van die volgende vorms is kongruent?



4. Teken 'n versameling van vier gelykvormige vorms, een in elke boks.

5. Is hierdie vorms kongruent? Gee redes vir jou antwoord.

a.



b.



c.



6. Al hierdie driehoeke is kongruent. Skryf neer wat in beide driehoeke dieselfde is. Maak 'n tekening soortgelyk aan een driehoek. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Gebruik die kleure om jou te help. Gebruik ook S = sy en H = hoek.

a.



b.



c.



d.



SSS sy sy sy	Al drie ooreen-stemmende sye is gelyk.	

Probleemoplossing

Waar in die natuur sal ons ooreenkoms en kongruensie aantref? Maak 'n skets om jou antwoord te illustreer.

Teken:

Datum:

30 Breuke

Wat is dit?

'n Breuk word geskryf met die onderste gedeelte (die noemer) wat aandui in hoeveel dele die geheel verdeel is, en die boonste gedeelte (die teller) wat aandui hoeveel van daardie dele jy het.

$\frac{3}{4}$

teller

noemer



1. Voltooi die volgende:

a. $\frac{1}{4}$; $\frac{2}{4}$; ...1

b. $\frac{1}{9}$; $\frac{2}{9}$; $\frac{3}{9}$; ...1

c. $\frac{1}{11}$; $\frac{2}{11}$; $\frac{3}{11}$; ... 1

d. $\frac{1}{5}$; $\frac{2}{5}$; $\frac{3}{5}$; ... 1

e. $\frac{1}{6}$; $\frac{2}{6}$; $\frac{3}{6}$; ...1

f. $\frac{1}{8}$; $\frac{2}{8}$; $\frac{3}{8}$; ... 1

Waar in die alledaagse lewe is dit vir ons nodig om van breuke en getallelyne te weet?

2. Voltooi die getallelyne.

a.

b.

c.

d.



e.



3. Tel van:

a. twee tiendes tot vier tiendes. _____

b. een twintigste tot nege twintigstes. _____

c. vier vyftiendes tot tien vyftiendes. _____

d. een honderdste tot agt honderdstes. _____

e. tien vyftigstes tot twaalf vyftigstes. _____

4. Voltooi die getallelyne:

a.



b.



c.



d.



e.



f. Hoe verskil hierdie getallelyne van dié in vraag 2?

5. Dui aan of dit 'n egte breuk of 'n onegte breuk is, of 'n gemengde getal.

a. $\frac{2}{4}$ _____ b. $\frac{6}{2}$ _____ c. $1\frac{1}{2}$ _____

d. $\frac{8}{5}$ _____ e. $\frac{1}{5}$ _____ f. $\frac{7}{4}$ _____

6. Skryf neer:

a. Vyf egte breuke.

b. Vyf onegte breuke.

c. Vyf gemengde getalle.

Probleemoplossing

Noem vyf breuke wat tussen een kwart en twee kwarte sal wees.

Teken:

Datum:

31 Ekwivalente breuke

Vul die korrekte breuk in by elk van die gekleurde merkies op die getallelyn hieronder. Wat het die breuke by dieselfde rooi merkies met mekaar in gemeen? Wat van die breuke by die blou, groen en geel merkies?



DEFINISIE

Ekwivalente breuke het dieselfde waarde, hoewel hulle verskillend lyk.

Voorbeeld: $\frac{1}{2}$ en $\frac{2}{4}$ is ekwivalent omdat albei 'half' is.

1. Watter breuk is gelyk aan ___? Teken 'n diagram om te toon dat die twee breuke ekwivalent is.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} = \frac{2}{6}$ Diagram:



a. $\frac{1}{2}$ b. $\frac{1}{7}$ c. $\frac{1}{6}$

d. $\frac{1}{10}$ e. $\frac{1}{12}$ f. $\frac{1}{3}$

Hoe kan jy hierdie maatlepels gebruik om ekwivalente breuke aan 'n vriend te verduidelik?

2. Skryf die volgende of vorige ekwivalente breuk vir:

Voorbeeld: $\frac{1}{3} = \frac{2}{6} = \frac{3}{9} = \frac{4}{12}$



Een derde is ekwivalent aan twee sesdes; dit is op sy beurt ekwivalent aan drie negendes, en dit weer aan vier twaalfdes.

a. $\frac{2}{4} = \square$ b. $\frac{3}{4} = \square$ c. $\square = \frac{4}{14}$

d. $\frac{8}{10} = \square$ e. $\square = \frac{4}{10}$ f. $\frac{4}{5} = \square$

3. Wat het met die teller en noemer in vraag 2 gebeur?

a. ___ b. ___ c. ___ d. ___ e. ___ f. ___

4. Skryf drie ekwivalente breuke vir elke gemengde getal en maak 'n skets.

Voorbeeld: $1\frac{1}{3} = 1\frac{2}{6} = 1\frac{3}{9} = 1\frac{4}{12}$



Wat het met die noemers en tellers gebeur? Begin altyd met die gegewe getal.

$1 + \frac{1}{3} \begin{matrix} \times 2 \\ \times 2 \end{matrix} = 1\frac{2}{6}$

$1 + \frac{1}{3} \begin{matrix} \times 3 \\ \times 3 \end{matrix} = 1\frac{3}{9}$

$1 + \frac{1}{3} \begin{matrix} \times 4 \\ \times 4 \end{matrix} = 1\frac{4}{12}$

a. $1\frac{1}{2}$ b. $3\frac{2}{3}$ c. $4\frac{1}{2}$

d. $6\frac{1}{3}$ e. $2\frac{3}{4}$ f. $2\frac{4}{5}$

Probleemoplossing

Wat het musieknote en ekwivalente breuke met mekaar gemeen? Vul die antwoorde in.



Tekere

Datum:

Kwartaal 2

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

32 Eenvoudigste vorm

Is $\frac{8}{16}$ en $\frac{1}{2}$ dieselfde?

Wat het van die eerste na die tweede breuk met die tweede teller gebeur?

Wat het met die noemer gebeur?

Hoekom dink jy behoort ons te weet hoe om die GGF te gebruik?

DEFINISIE

Grootste gemeenskaplike faktor (GGF). Dit is die grootste getal wat presies in twee of meer getalle gedeel kan word.

As jy al die faktore van twee of meer getalle vind, en jy vind dat sommige faktore dieselfde is (gemeenskaplik), dan is die grootste van daardie gemeenskaplike faktore die Grootste Gemeenskaplike Faktor.

Die GGF staan soms ook bekend as die **Grootste Gemene Deler (GGD).**

1. Wat is die grootste gemeenskaplike faktor?

Voorbeeld:
Grootste gemeenskaplike faktor (GGF)
Faktore van 4: {1, 2, 4}
Faktore van 6: {1, 2, 3, 6}
GGF = 2
Dus is 2 die grootste getal wat in 4 en 6 kan deel.

a. Faktore van 3 en van 4

b. Faktore van 5 en van 6

c. Faktore van 6 en van 12

d. Faktore van 3 en van 9

e. Faktore van 7 en van 8

f. Faktore van 11 en van 10

2. Skryf in die eenvoudigste vorm.

Voorbeeld: $\frac{12}{16}$

$= \frac{12}{16} \div \frac{4}{4}$

$= \frac{3}{4}$

GGF:
Faktore van 12: {1, 2, 3, 4, 5, 6, 12}
Faktore van 16: {1, 2, 4, 8, 16}

a. $\frac{6}{18}$

b. $\frac{15}{25}$

c. $\frac{3}{9}$

d. $\frac{7}{21}$

e. $\frac{4}{36}$

f. $\frac{18}{36}$

3. Vul die ontbrekende woorde in.
(gemeenskaplike faktor, teller, noemer)

a. Breuke kan vereenvoudig word wanneer die _____ en _____ 'n _____ daarin het.

b. Gee vyf voorbeelde van breuke wat vereenvoudig kan word.

Probleemoplossing

Wat is $\frac{324}{414}$ in sy eenvoudigste vorm?

Teken:

Datum:

Kwartaal 2

33 Tel gewone breuke met dieselfde en verskillende noemers bymekaar

Gee vyf breuke waar die noemers dieselfde is.
Gee vyf breuke waar die noemers verskillend is.

Egte breuk	Onegte breuk	Gemengde getal
$\frac{3}{4}$	$\frac{5}{4}$	$3\frac{1}{2}$

Gemengde getal	Onegte breuk
$1\frac{1}{4}$ ⟺	$\frac{5}{4}$

Soms is dit nodig om egte breuke in onegte breuke om te sit of omgekeerd.

Gemengde getal na 'n onegte breuk: 1 (natuurlike getal) × 4 (noemer) + (teller) = 5

Onegte breuk na 'n gemengde getal: 5 (teller) ÷ 4 (noemer) = 1 res 1.

1. Tel die volgende bymekaar, skryf dit as 'n gemengde getal, en vereenvoudig, indien nodig.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} + \frac{4}{3}$
$= \frac{5}{3}$
$= 1\frac{2}{3}$

Wanneer ons breuke bymekaar tel, moet die noemers dieselfde wees.

a. $\frac{2}{5} + \frac{4}{5} =$

b. $\frac{5}{9} + \frac{6}{9} =$

c. $\frac{3}{4} - \frac{2}{4} =$

d. $\frac{7}{10} + \frac{5}{10} =$

e. $\frac{5}{6} + \frac{3}{6} =$

f. $\frac{5}{7} + \frac{6}{7} =$

2. Bereken en vereenvoudig, indien nodig.

Voorbeeld: $\frac{1}{2} \times 2 + \frac{1}{4}$
$\times 2$
$= \frac{2}{4} + \frac{1}{4}$
$= \frac{3}{4}$

Onthou: wanneer ons breuke bymekaar tel, moet die noemers dieselfde wees. Om die noemers dieselfde te maak moet ons die kleinste gemene veelvoud (KGV) vind.

Veelvoude van: {2, 4, 6, 8, ...}
Veelvoude van: {4, 8, 12, 16, ...}

Let op dat, in hierdie geval, die noemers veelvoude van mekaar is (2 is 'n veelvoud van 4).

a. $\frac{1}{4} + \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{5} + \frac{1}{10} =$

c. $\frac{1}{3} + \frac{1}{6} =$

d. $\frac{1}{8} + \frac{1}{4} =$

e. $\frac{1}{5} + \frac{1}{4} =$

f. $\frac{1}{2} + \frac{1}{3} =$

3. Skryf in jou eie woorde hoe jy die volgende sal optel:

Breuke met dieselfde noemers.	Breuke met noemers wat veelvoude van mekaar is.

Probleemoplossing

Wat is $\frac{5}{10} + \frac{3}{10}$ in die eenvoudigste vorm?

Tekere

Datum:

Kwartaal 2

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

34 Vermenigvuldig eenheidsbreuke met eenheidsbreuke

Vergelyk die twee berekeninge aan die regterkant. Wat let jy op?

'n Eenheidsbreuk (of unitêre breuk) is 'n breuk waarvan die teller 1 is.
Voorbeeld:
$\frac{1}{4}$

$\frac{1}{2} + \frac{1}{4}$
KGV = 4
$\frac{2}{4} + \frac{1}{4}$
$= \frac{3}{4}$

$\frac{1}{2} \times \frac{1}{4}$
$= \frac{1}{8}$

Wanneer jy breuke vermenigvuldig, vermenigvuldig jy bloot die tellers met mekaar, en die noemers met mekaar. In hierdie voorbeeld beteken die som $\frac{1}{2}$ VAN $\frac{1}{4}$, wat $\frac{1}{8}$ is.

1. Tel eers die twee breuke bymekaar en vermenigvuldig daarna.

Voorbeeld: $\frac{1}{2}, \frac{1}{3}$

Optelling
$\frac{1}{2} + \frac{1}{3}$
KGV = 6
$\frac{3}{6} + \frac{2}{6}$
$= \frac{5}{6}$

Vermenigvuldiging
$\frac{1}{2} \times \frac{1}{3}$
$= \frac{1}{6}$

Ek sien dat, wanneer jy eenheidsbreuke vermenigvuldig, die antwoord kleiner word, maar die noemer van die antwoord word groter. Bv. $2 \times 3 = 6$ maar $\frac{1}{6} < \frac{1}{2}$ en $\frac{1}{6} < \frac{1}{3}$.

Dit is waar. Dink daaroor na. As ek 'n ses boksies sap in 'n sespak met 2 vermenigvuldig, kry ek 12 boksies sap. Maar as ek 'n halwe ($\frac{1}{2}$) sespak neem, kry ek drie boksies sap.

a. $\frac{1}{2}; \frac{1}{12}$

b. $\frac{1}{2}; \frac{1}{11}$

c. $\frac{1}{3}; \frac{1}{3}$

d. $\frac{1}{4}; \frac{1}{5}$

e. $\frac{1}{4}; \frac{1}{10}$

f. $\frac{1}{5}; \frac{1}{6}$

2. Bereken:

Voorbeeld: $\frac{1}{2} \times \frac{1}{3} \times \frac{1}{4}$
$= \frac{1}{24}$

Hoekom dink jy is dit so belangrik dat jy jou vermenigvuldiging-tafels ken?

a. $\frac{1}{2} \times \frac{1}{3} \times \frac{1}{2} =$

b. $\frac{1}{4} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{2} =$

c. $\frac{1}{3} \times \frac{1}{2} \times \frac{1}{4} =$

d. $\frac{1}{3} \times \frac{1}{6} \times \frac{1}{2} =$

e. $\frac{1}{3} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{2} =$

f. $\frac{1}{2} \times \frac{1}{5} \times \frac{1}{9} =$

3. Watter twee breuke, wanneer dit met mekaar vermenigvuldig word, sal die antwoord $\frac{1}{32}$ gee? Watter drie breuke, wanneer dit met mekaar vermenigvuldig word, sal jou dieselfde antwoord gee?

4. Wat let jy op wanneer jy hierdie breukpatroon uitbrei?

$\frac{1}{2} \times \frac{1}{2}, \frac{1}{3} \times \frac{1}{3}, \frac{1}{4} \times \frac{1}{4}, \frac{1}{5} \times \frac{1}{5} \ldots$

Probleemoplossing

Kan twee eenheidsbreuke (of unitêre breuke) 'n eenheidsbreuk met 'n teller van 1 gee as jy:
- dit bymekaar tel?
- dit met mekaar vermenigvuldig?

Tekens:
Datum:

35 Vermenigvuldiging van gewone breuke met dieselfde en verskillende noemers

Vergelyk die breuke in die twee blokke. Wat is die verskil tussen die getalle in die twee blokke?

$\frac{1}{4}$	$\frac{1}{5}$	$\frac{1}{3}$	$\frac{1}{4}$
$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{4}$	$\frac{1}{2}$	$\frac{1}{6}$

$\frac{2}{4}$	$\frac{5}{6}$	$\frac{3}{8}$	$\frac{5}{7}$
$\frac{2}{8}$	$\frac{2}{7}$	$\frac{3}{4}$	$\frac{3}{6}$

'n Eenheids breuk se teller is altyd een, en 'n nie-eenheids breuk se teller is altyd meer as een.

Vermenigvuldig die breuke met dieselfde kleure in elke boks, met mekaar. Vergelyk dan die twee berekeninge.

☐ ×	☐ =	☐	☐ ×	☐ =	☐
☐ ×	☐ =	☐	☐ ×	☐ =	☐
☐ ×	☐ =	☐	☐ ×	☐ =	☐
☐ ×	☐ =	☐	☐ ×	☐ =	☐

Wat gebeur met die noemers as jy hul met mekaar vermenigvuldig? Onthou:
- as jy 'n eenheidsbreuk met 'n eenheidsbreuk vermenigvuldig kry jy 'n eenheidsbreuk.
- as jy 'n eenheidsbreuk of 'n nie eeheidsbreuk met 'n nie-eenheidsbreuk vermenigvuldig kry jy 'n nie-eenheidsbreuk.

1. Bereken:

Voorbeeld 1: $\frac{6}{7} \times \frac{5}{7}$

$= \frac{30}{49}$

Voorbeeld 2: $\frac{6}{7} \times \frac{5}{6}$

$= \frac{30}{42}$

a. $\frac{1}{3} \times \frac{2}{3} =$

b. $\frac{2}{4} \times \frac{1}{4} =$

c. $\frac{1}{6} \times \frac{3}{7} =$

d. $\frac{1}{2} \times \frac{4}{6} =$

e. $\frac{7}{8} \times \frac{2}{4} =$

f. $\frac{8}{5} \times \frac{4}{5} =$

2. Skryf twee verskillende vermenigvuldiging somme neer wat die breuk sal gee soos in die antwoord getoon. Noem watter tipe breuke jy met mekaar vermenigvuldig het.

Voorbeeld: ___ × ___ $= \frac{12}{18}$

$\frac{3}{3} = 1$

$\frac{3}{3} \times \frac{4}{6} = \frac{12}{18}$

'n Natuurlike getal × 'n egte breuk.

$\frac{2}{9} \times \frac{6}{2} = \frac{12}{18}$

'n Egte breuk × 'n onegte breuk.

a. ___ × ___ $= \frac{4}{9}$

b. ___ × ___ $= \frac{8}{4}$

c. ___ × ___ $= \frac{6}{8}$

d. ___ × ___ $= \frac{12}{16}$

e. ___ × ___ $= \frac{10}{64}$

f. ___ × ___ $= \frac{9}{12}$

3. Wat is een kwart van 'n halwe? Gebruik diagramme om jou berekenings te wys.

Probleemoplossing

Watter twee breuke kan jy vermenigvuldig om die antwoord $\frac{42}{99}$ te kry?

Tekere

Datum:

36 Vermenigvuldig natuurlike getalle met gewone breuke

Kyk na die volgende en bespreek dit met 'n maat.

$8 \div 1 = 8$ $\qquad$ $\frac{8}{1} = 8$

Ons kan die natuurlike getal 8 as die breuk $\frac{8}{1}$ skryf.

Hoe sal jy die volgende natuurlike getalle as breuke skryf?

2	78	356	1 245	23 432	978 323

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld:

$$8 \times \frac{1}{4}$$
$$= \frac{8}{1} \times \frac{1}{4}$$
$$= \frac{8}{4}$$
$$= 2$$

$\frac{8}{4}$
$= 8 \div 4$
$= 2$

a. $2 \times \frac{3}{5} =$

b. $4 \times \frac{5}{6} =$

c. $11 \times \frac{3}{10} =$

d. $9 \times \frac{1}{2} =$

e. $\frac{2}{3} \times 2 =$

f. $8 \times \frac{6}{7} =$

2. Deur van 'n heelgetal en 'n breuk gebruik te maak, watter vermenigvuldigingsomme sal vir jou die volgende antwoorde gee?

Voorbeeld:

$$\_\_ \times \_\_ = \frac{2}{3}$$
$$= 2 \times \frac{1}{3}$$
$$= \frac{2}{1} \times \frac{1}{3}$$

a. $\_\_ \times \_\_ = \frac{4}{6}$

b. $\_\_ \times \_\_ = \frac{9}{10}$

c. $\_\_ \times \_\_ = \frac{3}{8}$

d. $\_\_ \times \_\_ = \frac{15}{50}$

e. $\_\_ \times \_\_ = \frac{7}{21}$

f. $\_\_ \times \_\_ = \frac{6}{24}$

3. Een vyfde van 15 selfone wat teen afslag aangebied is, is verkoop. Watter breuk is nie verkoop nie?

Probleemoplossing

As _____ (natuurlike getal) × _____ (breuk) = $\frac{8}{12}$, hoeveel moontlike oplossings is daar vir dié som?

Tekere

Datum:

Kwartaal 2

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

37 Vermenigvuldig gewone breuke en vereenvoudig

Om breuke te vereenvoudig beteken om die breuk so eenvoudig moontlik te maak. Hoekom vier agstes ($\frac{4}{8}$) sê as jy 'n halwe ($\frac{1}{2}$) bedoel?

Wys vir 'n maat of familielid hoe hierdie breuk vereenvoudig is.

Verduidelik die volgende:

$$\frac{24}{108} \xrightarrow[\div 2]{\div 2} \frac{12}{54} \xrightarrow[\div 2]{\div 2} \frac{6}{27} \xrightarrow[\div 3]{\div 3} \frac{2}{9}$$

1. Vereenvoudig die volgende:

Voorbeeld: $\frac{15}{20}$
$= \frac{15}{20} \div \frac{5}{5}$
$= \frac{3}{4}$

a. $\frac{4}{12}$ ☐ b. $\frac{8}{16}$ ☐ c. $\frac{5}{20}$ ☐

d. $\frac{16}{24}$ ☐ e. $\frac{7}{21}$ ☐ f. $\frac{24}{64}$ ☐

2. Vermenigvuldig en vereenvoudig, indien moontlik.

Voorbeeld: $\frac{1}{3} \times \frac{4}{8}$
$= \frac{4}{24} = \frac{4}{24} \div \frac{4}{4}$
$= \frac{1}{6}$

a. $\frac{1}{2} \times \frac{4}{8} =$ ☐ b. $\frac{7}{7} \times \frac{3}{6} =$ ☐ c. $\frac{8}{10} \times \frac{10}{12} =$ ☐

d. $\frac{1}{3} \times \frac{5}{5} =$ ☐ e. $\frac{1}{2} \times \frac{3}{4} =$ ☐ f. $\frac{1}{2} \times \frac{2}{7} =$ ☐

3. Vereenvoudig die onegte breuk indien nodig en skryf dit dan as 'n gemengde getal neer.

Voorbeeld: $\frac{14}{4} = \frac{7}{2} = 3\frac{1}{2}$

a. $\frac{19}{3}$ ☐ b. $\frac{21}{5}$ ☐ c. $\frac{20}{6}$ ☐

d. $\frac{22}{7}$ ☐ e. $\frac{10}{8}$ ☐ f. $\frac{21}{9}$ ☐

4. Vermenigvuldig en vereenvoudig.

Voorbeeld: $\frac{6}{4} \times \frac{5}{2}$
$= \frac{30}{8}$
$= 3\frac{6}{8}$ GGF is 2
$= 3\frac{3}{4}$

a. $\frac{3}{2} \times \frac{7}{6} =$ ☐ b. $\frac{6}{3} \times \frac{6}{5} =$ ☐ c. $\frac{8}{7} \times \frac{6}{4} =$ ☐

d. $\frac{5}{4} \times \frac{9}{8} =$ ☐ e. $\frac{6}{5} \times \frac{9}{8} =$ ☐ f. $\frac{9}{7} \times \frac{6}{3} =$ ☐

Probleemoplossing

a. Wat is $\frac{16}{20} \times \frac{2}{4}$ in sy eenvoudigste vorm?

b. Vermenigvuldig enige twee onegte breuke en vereenvoudig jou antwoord, indien nodig.

Tekens:

Datum:

Los breukprobleme op

Voltooi die gesprek tussen die twee karakters oor hoekom ons probleme in wiskunde moet oplos.



1. Bereken die volgende. Jy kan dalk ekstra papier nodig kry vir jou berekeninge.

